# TOELATINGSBELEID

## LAERSKOOL BASTION: TOELATINGSBELEID

1 **INLEIDING**

Die Beheerliggaam van die Laerskool Bastion het ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) die volgende beleid ten aansien van toelating by die skool goedgekeur in die oortuigings dat die bepalings daarvan in ooreenstemming is met:

1.1 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108/1996).
1.2 Die Nasionale Onderwysbeleid (Wet 27/1996) asook enige toepaslike beleid bepaal in terme van hierdie wet, insluitend die regulasies van toelating tot skole.
1.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84/1996) en daaropvolgende aanwysings.
1.4 Die Wes-Kaapse Provinsiale Skole Onderwyswet (Wet 12/1997).
1.5 Die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (Wet 3/2000).
1.6 Die gesondheids- en veiligheidswet.
1.7 Uitsprake van die konstitusionele hof op die regte, magte en verpligtinge van die Beheerliggaam.
1.8 Nationale toelatingsbeleid vir normale openbare skole (Wet 27/1996)
1.9 Regulasies tot Kwytskelding van skoolfooie (Staatskoerant 29311 van 18 Okt, 2006)
1,10 Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole (Staatskoerant 18546, Des. 1997)
1.11 Wet op Toegang tot Inligting (Wet 2/2000)
1.12 WKOD Omsendbriewe (26/2010; 121/2003; 240/2003; 46/2004; 6/2021; 53/2021; 59/2021; 18/2022; 0021/2024)

2 **WOORDOMSKRYWING**

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken –

- “beheerliggaam” die Beheerliggaam van die skool soos voorsien in artikel 16 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996);
- “Grondwet” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996);
- “skoolhoof” die prinsipaal van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook ’n opvoeder by die skool wat met goedkeuring van die skoolhoof en die Beheerliggaam namens die skoolhoof handel;
- “Regulasies” die regulasies oor toelating wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad in die Wes-Kaap afgekondig is:
- “skool” die Laerskool Bastion;
- “toelatingsbeleid” die toelatingsbeleid in hierdie dokument vervat.
- “toelating” wanneer ’n leerder nuut / van buite af tot die skool toegelaat word.

- “plasing” reeds toegelate leerder word in ’n klas geplaas.

3 **UITGANGSPUNT EN BASIS**

Die uitgangspunt en basis van die toelatingsbeleid is dat volle effek gegee moet word aan al die fundamentele regte van leerders en van hulle ouers in onderwysverband soos erken in die Handves van Regte in Hoofstuk 2 van die Grondwet.

4 **TOELATINGSBELEID ONDERHEWIG AAN DIE ANDER WETLIKE BEPALINGS: UITLEG VAN DIE TOELATINGSBELEID**

4.1 Die toelatingsbeleid is onderhewig aan die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) asook die toepaslike Regulasies wat geldig ingevolge hierdie Wet gemaak is, vir sover die vermelde bepalings bindend op die skool en die beheerliggaam is.

4.2 Die toelatingsbeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor toelating versoenbaar is. Sonder om die algemeenheid van artikel 2.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die toelatingsbeleid dat daar nie op enige relevante grond onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

5 **WIE OM TOELATING AANSOEK MAG DOEN**

Aansoek om toelating moet deur die ouer of wettige voog namens die volgende leerders gedoen word:

5.1 Alle leerders wat skoolpligtig is.

5.2 Elke leerder wat nie die vorige skooljaar in die skool as leerders toegelaat is nie.

5.3 Elke leerder wat tydens ‘n vorige skooljaar as leerder toegelaat is, maar wat ’n graad weens onvoldoende akademiese prestasie moet herhaal.

*Geen aansoek sal aanvaar word tensy dit deur die ouer, wettige voog of persoon in wie se sorg die kind deur die hof geplaas is, gedoen is nie.*

6 **PROSEDURE BY AANSOEK OM TOELATING**

***A.g.v. die tekort aan skole in die area, is ons genoodsaak om ons keuringsproses aan te pas. Aansoeke sal onder geen omstandighede op 'n "first come, first served" basis geplaas word nie.***

6.1 Verpligte WKOD aanlyn aansoek proses: Besoek die WKOD se webtuiste vir riglyne t.o.v. aanlynaansoeke. Die WKOD bepaal jaarliks die begin- en einddatum van hierdie proses.

6.2 Suksesvolle aansoekers sal na afloop van die WKOD- en interne Beheerliggaamprosesse versoek word om addisionele inligting aan die skool te verskaf.

6.3 Laerskool Bastion pas jaarliks die voorgeskrewe WKOD-inskrywingsperiode vir Graad R-7 toe (*normaalweg gedurende Februarie-maand van die betrokke jaar bekendgemaak*).
Gr R-aansoeke sluit wanneer die klaskapasiteit (30) bereik is. *“’n Klasgrootte van meer as 30 leerders veroorsaak 'n negatiewe impak op die voorsiening van gehalte-onderrig in 'n graad R-klas.”* Skole word daaraan herinner dat ’n totale getal van 30 graad R-leerders in ’n klas toegelaat word. Opvoeder-Leerder-Verhouding: = 1:30.*” Skole wat meer as 30 leerders in ’n graad R-klas inskryf, oortree Regulasie 9(2)(a) van die Regulations Relating to Minimum Uniform Norms and Standards for Public School Infrastructure, wat in Staatskoerant No. 37081 van 29 November 2013, gepubliseer is.*

**<u>GEEN KLEUTER- OF VOORSKOOL SAL AS VOEDERSKOOL VIR LAERSKOOL</u>**

**<u>BASTION GESIEN WORD NIE.</u>**

Gr 1-7 inskrywings word in twee fases verdeel. Sluitingsdatum vir Fase 1 is gedurende Maart/April en Fase 2 gedurende September. Daar sal alleenlik met ’n Fase 2 begin kan word indien daar nog plek beskikbaar is. Aansoeke wat nie dadelik geakkommodeer kan word nie, sal op ’n waglys geplaas word.

Leerders wat reeds by Bastion in Gr. R is, word outomaties na Gr. 1 oorgedra en hoef nie weer aansoek te doen nie.

<u>Nuwe aansoeke moet betyds ingedien word (elektronies of soos bepaal deur die WKOD) sodat die beplanning vir die nuwe jaar afgehandel kan word</u>.

Indien aansoeke voor die sluitingsdatum ingehandig is, maar daar nie meer plek beskikbaar is nie, sal die aansoeke ook op die waglys geplaas word.

**Daar moet elke jaar weer opnuut aansoek gedoen word, sou ons u nie die vorige jaar kon akkommodeer nie. Geen aansoeke sal oorgedra word nie.**

6.4 Biologiese en wettig aangenome kinders van Bastion Personeel word as leerders van binne die area beskou (onderhewig aan beskikbaarheid en Bastion se toelatingsbeleid).

6.5 **Ouers van leerders wat aanvaar word, moet skriftelik onderneem om die skoolheffing vooruit te betaal en om die skoolreëls stiptelik na te kom.**

6.6 As voornemende ouer vergewis ek myself van en aanvaar ek dat die skool Christelike waardes uitleef.

**7 BEVOEGDHEID OM LEERDER TOT SKOOL TOE TE LAAT EN ROL VAN DIE BEHEERLIGGAAM**

7.1 Behoudens die bepalings van die toelatingsbeleid, het die skoolhoof die bevoegdheid om ’n leerder tot die skool toe te laat as hy/sy oortuig is dat aan al die vereistes vir sodanige toelating voldoen word en dat daar redelikerwys ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne is om die betrokke leerder by die skool te akkommodeer en aan die leerder se opvoedkundige behoeftes te voldoen.

7.2 Die Beheerliggaam kan na goeddunke van die skoolhoof ’n verslag aanvra ten aansien van die wyse waarop die toelatingsbeleid in die algemeen of in ’n bepaalde geval toegepas word.

**8 KRITERIA WAT BY DIE TOELATING VAN LEERDERS TOT LAERSKOOL BASTION IN AG GENEEM SAL WORD**

8.1 Aansoeke met ’n ouer broer of suster wat reeds by die skool ingeskryf is (Gr R-7) geniet voorkeur.

8.2 Die leerder se ouer of wettige voog wat permanent in die onmiddellike omgewing van Proteahoogte woonagtig is en Laerskool Bastion die naaste redelikerwys toeganklike laerskool aan sodanige woonplek is.

8.3 Laerskool Bastion is ’n parallelmedium skool. Die onderrigtale is Afrikaans en Engels. Ouers word streng aanbeveel om hulle kinders in hulle moedertaal (gewoonlik die taal van die moeder of voog wat die leerder in die middae bystaan met huiswerk) te laat onderrig om so die beste moontlike onderrig te ontvang.

8.4 In die geval van aansoeke vir Graad R en Graad 1, die leerders aan die wetlike voorskrifte vir toelatingsouderdomme voldoen.

- Gr R: Leerders wat in die jaar van toelating **<u>ses</u>** word, sal voorkeur tot toelating geniet.
- Gr R leerders in Bastion wat teen einde Oktober nie skoolgereed is nie, sal outomaties toelating vir die volgende jaar in Graad R kry.
- Gr 1: Leerders wat in die jaar van toelating **<u>sewe</u>** word, sal voorkeur tot toelating geniet.

8.5 <u>Die kapasiteit van die skool is gebaseer op</u>:

8.5.1 Die aantal en grootte (± 56 m²) van klaskamers in die skool.
'n Maksimum van 38 (agt en dertig) leerders per klas/lokaal (GF/IF/SF) sal gehandhaaf word. Maksimum by VKO (Gr R) is 30 (dertig) leerders per klas. (Aantal leerders ÷ aantal grade ÷ aantal klaskamers vir Afrikaans- en Engelsmediumklasse onderskeidelik)
Die veiligheid van leerders moet ten alle tye in ag geneem word. Oorvol klaskamers skep 'n ongesonde leeromgewing. Die klas-, graad- en skool-inskrywings sal onder geen omstandighede die berekende kapasiteit met meer as 2% oorskry nie.

8.5.2 Die oprig en instandhouding van 'n stimulerende en onderhoudende onderrigomgewing. Sulke fasiliteite sluit die volgende in:

a) 'n Biblioteek
b) Wetenskaplike, Biologiese, Geografiese en Rekenaarlokale
c) 'n Tegnologielokaal
d) 'n Musieklokaal
e) 'n Skoolsaal
f) 'n Snoepwinkel
g) 'n Personeelkamer
h) Kantore en werkareas vir die bestuurs-, administratiewe en onderhoudpersoneel.
i) 'n Beradingslokaal
j) 'n Didaktiese lokaal

8.6 Enige ander faktor wat na die mening van die skoolhoof of die Beheerliggaam redelikerwys in ag geneem behoort te word by die oorweging van 'n aansoek om toelating. Sulke faktore kan slegs oorweeg word na afloop van die vul van beskikbare plekke deur die voorgeskrewe beleid.

## 9 SEKERE BESONDERE VEREISTES VIR TOELATING TOT DIE SKOOL

Benewens enige ander vereiste wat volgens die toelatingsbeleid of deur die reg gestel word of gestel mag word, kan 'n leerder net tot die skool toegelaat word:

9.1 Indien daar ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne in of by die skool is om die leerder te akkommodeer. (Ingevolge die redelike norm dat die klaskamer slegs 'n bepaalde aantal leerders en banke kan akkommodeer).

9.2 Indien die leerder nie ouer is as die volgende ouderdom in die betrokke graad nie:

- Graad R 6 jaar
- Graad 1 7 jaar

Met dien verstande dat 'n leerder in elk van die grade wat die maksimum ouderdom bereik het gedurende die betrokke jaar wel die volgende ouderdom kan bereik. Leerders met spesiale onderwysbehoeftes in die hoofstroom word op meriete met die ondersteuning van die MOOD hanteer.

10 **WAGLYS**

Indien ’n leerder nie tot die skool toegelaat word nie, maar die betrokke leerder wel vir toelating kwalifiseer indien daar voldoende ruimte, fasiliteite en ander hulpbronne by die skool beskikbaar is volgens die norme in artikel 9.1 na verwys, moet die leerder se naam op ’n waglys geplaas word. **Die waglysaansoeke sal streng volgens afstand vanaf die skool geplaas word**. Die Beheerliggaam kan op ’n billike wyse toelating verleen aan leerders wie se name op die waglys is wanneer ruimte en fasiliteite beskikbaar raak. Aansoeke vir meer as een leerder per gesin sal slegs oorweeg word indien daar vir beide of meer leerders plek is. Die aansoek sal dus op die waglys geplaas word totdat daar vir beide of meer leerders in die graad of grade plek is. Logisties en prakties plaas dit geweldige stremming op gesinne indien kinders van dieselfde gesin by verskillende skole ingeskryf is. Uitsondering vir ‘n broer of suster in Graad R waarvoor die skool nie plek het nie, kan gemaak word aangesien daar ander opsies vir toelating tot Graad R in die nabye kleuterskole/omgewing is.

Alvorens leerders vanaf die waglys ingeskryf kan word, moet dokumentasie soos die bewys van adres, munisipale rekening, huurkontrak en beëdigde verklarings opgedateer word om te verseker dat die nuutste inligting aan die skool se beheerliggaam bekend is voordat die aansoek verwerk kan word. Geen dokumentasie ouer as 3 maande sal gebruik word vir die verwerking van aansoeke nie.

11 **PROSEDURE VIR BEVESTIGING OM TOELATING**

11.1 U sal skriftelik / elektronies deur die WKOD in kennis gestel word indien u aansoek suksesvol of onsuksesvol was.

Indien suksesvol, moet u, as ouer, die skool binne die voorgestelde tyd soos deur WKOD bepaal, skriftelik in kennis stel dat u die toelating aanvaar of nie aanvaar nie.

11.2 Sodra u aanvaarding skriftelik bevestig het, sal die skool met u in verbinding tree rakende addisionele dokumentasie (POPIA-vrywaring, d6-kommunikasie, ondernemings-vorm, gedragskode, ens.) benodig en belangrike inligting vir u as ouer (finansiële dokumentasie soos skoolfonds, debietordermandaat, kwytskeldingsaansoeke, ens.)

12 **ONGEDOKUMENTEERDE SUID-AFRIKAANSE OF BUITELANDSE LEERDERS:**

Leerders sonder identifikasiedokumente (bv. geboortesertifikate) word beskou as ongedokumenteerde leerders. Ingevolge die Phakamisa-hofsaak (Centre for Child Law and Others v Minister of Basic Education and Others (2840/2017) [2019] ZAECGHC 126; [2020] 1 All SA 711 (ECG); 2020 (3) SA 141 (ECG) (12 December 2019) mag skole nie teen enige leerder sonder die nodige identifikasiedokumente diskrimineer en toelating weier nie.

As die ouer/voog/pleegkind nie oor enige van die volgende vereiste dokumente beskik nie, sal die leerder ingeskryf word op voorwaarde dat die ouer/voog/pleegkind ’n skriftelike beëdigde verklaring voorlê wat die leerder se besonderhede, die ouer se besonderhede en geboortedatum bevestig. Dit is van toepassing op leerders sonder ’n: Suid-Afrikaanse geboortesertifikaat/identiteitsdokument, buitelandse paspoort (in die geval van 'n buitelandse leerder), asielsoekerspermit, vlugtelingpermit en/of studiepermit.

Sulke leerders sal toegelaat word, maar ouers moet so spoedig as moontlik by die Departement van Binnelandse Sake aansoek doen vir die verlangde dokumentasie. Ouers word versoek om die skool op hoogte te hou van die proses en bewyse te lewer van sulke

aansoeke.

Artikel 31 van die Wet op die Registrasie van Geboortes en Sterftes, 1992 (Wet 51 van 1992) bepaal dat dit ’n oortreding is om ’n vals verklaring af te lê of aanleiding daartoe te gee dat ’n vals verklaring afgelê word oor die ouderdom van ’n kind.

## 13 REG OM APPÈL AAN TE TEKEN

Ingevolge artikel 5(9) van die Suid-Afrikaanse Skolewet,1996 (Wet 84 van 1996), mag enige leerder of ouer van ’n leerder wie se aansoek om toelating tot ’n openbare skool nie toegestaan word nie, by die provinsiale Minister van Onderwys teen die besluit appelleer. Appèlle oor toelating moet deur middel van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se skooltoelatingsbestuursinligtingstelsel (SAMI-stelsel) ingedien word. Ouers moet die webwerfadres gebruik om hul appèl in te dien: https://wcedonline.westerncape.gov.za. Ouers moet hul huidige aantekenbesonderhede gebruik om toegang tot hul profiel op die SAMI-stelsel te verkry.

Laerskool Bastion se Toelatingsbeleid word jaarliks volgens WKOD-voorskrifte hersien en dra die goedkeuring van alle betrokke partye: Beheerliggaam (Namens die ouerkorps) sowel as die Skoolbestuur (Namens die personeel).

Datum gewysig: 20 Februarie 2025 (Geen verandering vanaf vorige getekende beleid)